# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

## TENDER NR. 8/3/26-2018 : OPGRADERING VAN DIE GROOTMAAT RIOOL – MONTE BERTHA, PORTERVILLE

Tenders word hiermee ingewag van geregistreerde en gemagtigde verskaffers van siviele konstruksie en gepaardgaande werk vir die Opgradering van die grootmaat riool – Monte Bertha, Porterville.

Tenders, in verseëlde koeverte en duidelik buite-op gemerk ***"TENDER NR. 8/3/26-2018: OPGRADERING VAN DIE GROOTMAAT RIOOL - MONTE BERTHA, PORTERVILLE"*** moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Piketberg geplaas word teen nie later nie as **12:00** op **Vrydag 09 November 2018** waarna tenders in die openbaar oopgemaak sal word.

Tenders sal geëvalueer word aan die hand van die Raad se Voorsieningskanaalbestuursbeleid. Dit is dus verpligtend dat die voorkeurpunte eisvorm van die Voorkeurverkrygingsregulasies (MBD6.1) volledig ingevul moet word om aanspraak te maak op voorkeurpunte. **Die tender prys moet BTW insluit.**

**Dokumente en spesifikasies is op aanvraag beskikbaar teen 'n koste van R400 per stel by die kantore van iX engineers, Allen Rylaan 31, Loevenstein, Bellville gedurende kantoorure vanaf Maandag 22 October 2018. Die bedrag moet in Bergrivier Munisipaliteit se bank rekening deponeer word by Nedbank Piketberg, lopende rekening nommer 116 976 1380, Tak kode 198765. Bewys van betaling is nodig wanneer dokument afgehaal word. Geen kontant betalings sal aanvaar word nie.**

Alle tegniese navrae moet gerig word aan Mnr Rohann Stander by Tel No (021) 912 3000 of E-pos: rohann.s@ixengineers.co.za.

Tenderaars moet voldoen aan die belastingsverpligtinge soos vervat in die Tender Data.

**'n Verpligte Uitklaringvergadering sal plaasvind op Dinsdag 30 Oktober 2018 om 10:00 by die Kantoor van Bergrivier Munisipaliteit, Markstraat, Porterville.**

Voornemende tenderaars moet geregistreer wees by die CIDB in `n CE klas vir konstruksiewerk met `n gradering van gelykstaande of hoër as die aangebiede tender prys of 'n waarde soos bepaal in Regulasie 25(7A) van die *Construction Industry Development Regulations, 2004*. Die beraamde gradering vir die werk is **4CE of hoër.**

Verskaffers moet geregistreer wees as 'n voornemende verskaffer op Nasionale Tesourie se Sentrale Databasis (SDB). Die Belastinguitklaringsertifikaat / Belasting ooreenstemmende status Pin / Sentrale verskaffersdatabasis (SDB) nommer (MAAA….), moet saam met die tenderdokument ingedien word. Nie-nakoming hiervan sal die uitslag van die tender ongeldig verklaar.

Tenders mag alleenlik ingedien word op die uitgereikte tender dokumentasie.

Laat, onvolledige of tenders per telegram, telefoon, teleks, faksimilee of E-pos sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van 'n tender sal nie as bewys van ontvangs daarvan erken word nie. Die Munisipaliteit is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie. Die Munisipaliteit behou die reg voor om 'n tender in geheel of gedeeltelik te aanvaar.

MUNISIPALE KANTORE
KERKSTRAAT 13
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

ADV HANLIE LINDE
MUNISIPALE BESTUURDER

MK139/2018

19 Oktober 2018